Maandag **16 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:137-144**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:144**

**Vashou aan die wet van God bring insig**

Swaarkry is vir niemand lekker nie. Swaarkry maak dat ’n mens perspektief en hoop verloor.

Die digter van Psalm 119 beskryf iets hiervan in ons teksgedeelte. Hy praat van ontsteltenis oor sy teëstanders (vs 139), hy beskryf homself as gering en verag (vs 141) en bely dat hy angs en benoudheid beleef (vs 143). Dit is duidelik dat hy swaarkry.

Tog is sy swaarkry nie iets wat hom platslaan nie. Sy behoud is dat hy in alles steeds bly vashou aan die Woord en die wet van die Here. Die wet leer ons hoe om in ons verhouding met God op te tree – teenoor Hom en mekaar. So word die wet meer as maar net ’n stel reëls: dit word die raamwerk waarbinne ons verhouding met God vorm kry.

Die wet van die Here is nie iets wat ons op ’n strakke meganiese manier nakom net om uit die moeilikheid te bly nie. Die wet gee inhoud en diepte en vorm aan ons verhouding met die almagtige God van die heelal. Dit bind ons dag na dag nog vaster aan Hom.

Hoe meer ons met die wet te doen het, hoe meer het ons met God self te doen. In swaarkry is dit ’n bron van konstante troos en hoop. Want om die wet van die Here te gehoorsaam, ook in swaarkry, is om elke dag nog nader aan Hom te groei. Hoe nader ons aan God groei, hoe meer insig gee Hy ons in die verstaan van die lewe en ons omstandighede.

Dan verstaan ons opnuut dat ook nie die ergste swaarkry ons kan platslaan nie, want ons hemelse Vader wat ons liefhet, was selfs bereid om sy enigste Seun te gee om die straf op ons sonde in ons plek te dra. En daar is niks wat ons van sy liefde kan skei nie.

*Sing: Psalm 119-1:50-52*

*Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)*